**Die Here sluit 'n verbond met Abram**

**Gen 15:1-21**

**10 September 2023**

1. Vantevore: Abram het Lot bevry na hy deur die groep van 4 konings weggevoer is. Met sy terugkeer ontmoet hy die koning van Sodom (simbool van boosheid) wat hom hoogstens die buit aanbied, asook Melgisedek (koning van geregtigheid), die koning van Salem (vrede), wat hom wyn en brood aanbied, hom seën, en verduidelik die Here het hom die oorwinning gegee. Abram gee aan die koning van Salem 'n tiende van die buit, maar vir die koning van Sodom sê hy: Sluit my uit!
2. Gen 15 is 'n belangrike hoofstuk:
    a. Romeine, Galasiërs en Jakobus haal die hoofstuk aan
    b. Sluiting van verbond met Abram is hoogtepunt in openbaringsgeskiedenis (word gedek in Gen 12, 15, 17 en 22)
    c. Verbond met Abram is 'n ewige verbond (Gen 17:7)
    d. Leer ons oor die tydskaal vir die vervulling van die beloftes
3. Abram se geloof in die belofte van 'n erfgenaam, lei tot geregtigheid (Gen 15:1-6)
    a. Na die gebeure in Gen 14, verskyn die Here in 'n visioen (v1)
    b. Abram moet nie bang wees nie (waarskynlik vir vergelding deur 4 konings gevrees) – die Here sal hom bewaar, groot loon (vervulling van beloftes) gee (v1)
    c. Abram besorgd oor sy kinderloosheid, ouderdom en gebrek aan erfgenaam (v2-3)
        - Miskien moet dit maar Eliëser wees?
    d. Antwoord van die Here: Nie Eliëser nie, wel fisiese afstammeling (v4) – trouens 'n groot nageslag (v5)
    e. Abram het die Here geglo, en die Here het dit vir hom as geregtigheid gereken (v6)
        - Handeling van die Here, basis is geloof, word toegereken, geregtigheid = onberispelikheid, leef naby aan God (Gen 6:9, Ps 15:1-3)
4. Abram se geloof in die belofte van die land, lei tot vrede (Gen 15:7-16)
    a. Abram soek sekerheid dat hy land in besit sal neem (v7-8)
    b. Antwoord van die Here: Tref voorbereidings vir verbondsluiting (v9-10)
    c. Roofvoëls sak toe – die duiwel wil verbondsluiting ten alle koste verhoed (v11)
    d. Abram oorval deur skrik, duisternis, slaap (v12)
        - Abram besef die implikasies as hy tussen die diere moet deurbeweeg
    e. Antwoord van die Here: Inname van die land gaan lank neem (v13-16)
        - Abram sal intussen in vrede sterf – beloftes strek verder as sy lewe
    f. Let op: Abram ontvang geregtigheid en vrede – na ontmoeting met die Koning van Geregtigheid en Vrede (vgl Rom 5:1)
    g. Inbesitname van land neem lank – die Here gee genadetyd aan Amoriete (v16b)
5. Die Here neem die verantwoordelikheid vir die vervulling van die beloftes (Gen 15:17-21)
    a. Rook en vuur – simbool van die Here (Eks 19:18)
    b. Die Here beweeg alleen tussen deur die stukke diere (v17)
        - Abram kan seker wees die belofte van die land sal vervul word – want die Here het Homself in die verbond daartoe verbond, Hy neem die volle verantwoordelikheid
6. Verbond met Abram = verbond van die belofte = genadeverbond = ewige verbond
    a. Volle vervulling van die beloftes aan Abram eers wanneer Nuwe Jerusalem na die nuwe aarde neerdaal (Op21:1-2)